



## **EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE**

**Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600**

**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: [www.ecdoe.gov.za](http://www.ecdoe.gov.za)**

## **2023 NSC CHIEF MARKER'S REPORT**

<b>SUBJECT</b>	<b>AFRIKAANS FAL</b>		
<b>QUESTION PAPER</b>	<b>1</b>		
<b>DURATION OF QUESTION PAPER</b>	<b>2</b>	<b>HOURS</b>	
<b>PROVINCE</b>	<b>EASTERN CAPE</b>		
<b>DATES OF MARKING</b>	<b>7 /12 / 23 - 17 /12/ 23</b>		

### **SECTION 1: (General overview of Learners Performance in the question paper as a whole)**

Die vraestel is op die KBV-dokument gebaseer. Woordeskat en vakterminologie ontbreek by kandidate.

Dit is kommerwekkend dat kandidate se kennis van advertensie- en strokiesprenttegnieke, asook die oorgrote meerderheid taalstrukture power is. As 'n mens die statistieke vergelyk, is dit duidelik dat die meeste leerders die teks in vraag 1 verstaan het en dat die inhoud in teks A binne die ervaringsveld van die kandidate val. Die kandidate het egter gesukkel om die opsomming (teks C) te beantwoord omdat hulle nie 'n begrip van die woord "vreemde" het nie.


### **SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions**

#### **QUESTION 1**

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Vraag 1 is oor die algemeen goed beantwoord. Die kandidate het aanklank gevind by die teks omdat die inhoud van die teks eie aan Suid-Afrika is. Daar is ten minste een gereg waarmee elke kandidaat kon identifiseer, die geregte se benamings sou elke kandidaat laat tuis voel omdat dit die meeste aspekte van ons kleurvolle kulture insluit.

VRAAG 1- Levels 1-7



Teks A lees maklik, dis interessant en relevant. Die lengte is korrek, maar daar is feitelike foute bv. askoek en roosterkoek is nie dieselfde nie.

Die spelling van die woord "Shisanyama" is verwarrend. In reël 22 is dit een woord en nie kursief gedruk nie. In reël 30 is dit twee woorde en kursief gedruk.

Amasi - is nie 'n gereg/ smulkos nie, maar 'n drankie.  
Oor die algemeen was die vrae redelik.

---

**B) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

---

In vraag 1.1 verstaan die kandidate nie die woord "subtitel" nie en haal dan enige tipe kos uit die artikel aan.

---

1.1 + 1.2 Hierdie vrae is redelik en voor die handliggend.

---

1.3 Kandidate skryf meer as een woord. Hulle verstaan nie wat "eie" beteken nie. Hierdie vraag kon ook die kandidate verwar omdat par.2 aan die einde van die vraag tussen hakies geplaas word. Dit kan die kandidaat laat dink dat die antwoord in paragraaf 2 is. Paragraaf 1 (waaruit die antwoord moes kom) moes eerder in hoofletters of vetgedruk wees.

---

1.5 Hierdie was 'n lekker dinkvraag a.g.v die gebruik van die kommas en die "of" in die sin. Hierdie sin kon die kandidate verwar het sodat hulle kon dink dat meer opsies moontlik is.

---

1.8 Hierdie vraag laat die kandidate dink en toets hulle insig in Letterlik en Figuurlik.

Kandidate sukkel ook met die betekenis van die uitdrukking "koning kraai".  
Dit is duidelik dat kandidate se woordeskat en idiomatiese taalgebruik baie swak is.

---

1.9 Dit is `n baie eenvoudige vraag. Tog voer kandidate die verkeerde opsie uit omdat hulle nie die betekenis van al die woorde verstaan nie.

---

1.10 Die woord "opsig" het die kandidate verwar. Die woord "opsig" kon met `n makliker woord vervang word, asook die woord "geregte". Kandidate het die vraag misverstaan. Lees is moontlik ook 'n probleem. Leerders vluglees slegs. Hulle soek dus die woord "gereg" en "Noordkaap" en "'gereg" en "Oos-Kaap" en bied dit dan as hul antwoord aan.

---

1.13 Die woord "eeu" is dalk nie in almal se woordeskat nie, maar "lank" gee tog genoeg leiding. Hierdie vraag is redelik goed beantwoord.

---

1.14 Hoewel hierdie as 'n maklike vraag beskou kan word, het talle kandidate weereens nie die woordeskat om die vraag te verstaan nie. Dit verklaar die antwoord "natuurskoon" wat kandidate hier gee. Hulle soek in die teks na bekende woorde wat in die vraag is soos *Mpumalanga* en *sorghum* en lei dan hul antwoord uit reël 45 af.

---

1.15.1 Die woordeskat is uitdagend. Kandidate sukkel met die verskil tussen "voordelig" en "nadelig" en raai dan. Daarom kry baie ook nie die motivering reg nie. Onderwysers moet dominovrae onderrig.

---

1.16 Hierdie was `n gebalanseerde vraag en kandidate het dit goed beantwoord.

---

1.17 - 1.19 Hierdie was uitdagende vrae wat die kandidate laat dink het.

---

1.20 - 1.22 Hierdie vrae het nie veel probleme opgelewer nie.

---

1.23 Sommige kandidate het die direkte aanhaling uit die teks as antwoord gegee, maar hierdie vraag is meestal goed beantwoord.

---

1.24 Sommige kandidate noem al die programme wat SABC 2 op die dag aanbied in plaas daarvan om net die nuus uit te lig.

---

1.25 Kandidate verstaan nie die betekenis van die woorde "uitleg" en "gebruikersvriendelik" nie. Dit lei tot verkeerde antwoorde.

---

## VRAAG 2

### OPSOMMING


**A General** comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Teks B is baie gebruikersvriendelik en relevant. Dit is `n baie billike opsomming, maar EAT kandidate het verward geraak met die instruksie "vreemde feite". Dit was ook uitdagend in terme van die feit dat dit nie "**wenke**" of "**instruksies**" is nie. Die kandidate is ge oefen om instruksies of wenke te skryf; dus is die weergawe van slegs feite vir hulle `n uitdaging.

Die woord "vreemde" is OF misgelees OF nie in hulle woordeskat nie - dus het hulle nie die kern van die opdrag verstaan nie. Kandidate sou 90% vir hul begripstoets kry en dan 0 of hoogstens 2 vir die opsomming.

Daar word te veel inligting of sub-feite per kolpunt van die kandidate verwag, bv. al drie: "taxi's, televisiestelle en radio's" moet genoem word en so ook "die bedrag, dollar en die meeste".

VRAAG 2- Levels 1-7



---

**B Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

---

Die grootste uitdaging vir kandidate was die woord "vreemde" wat in die opdrag voorkom; dit maak nie deel uit van almal se woordeskat nie. Kandidate het ook baie keer die punt verbeur waar spesifieke hoeveelhede belangrik was om te noem.

Leerkragte moet seker maak dat kandidate die opsomming in die regte formaat aanbied.

Die aantal woorde moet aangedui word.

Kandidate voltooi nie die sinne nie en laat werkwoorde en hulpwerkwoord uit.

Kandidate moet onderrig word dat 'n feit alleenlik aanvaar word indien 'n onderwerp en gesegde teenwoordig is.


### VRAAG 3

#### ADVERTENSIE

**A General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Hierdie advertensie was baie mooi duidelik uiteengesit. Alle visuele aspekte was duidelik sigbaar. Sommige kandidate kon dalk nie beseft het dat hierdie advertensie uitsluitlik bedoel is vir aanlynkopers nie en dus sou kandidate nie in staat wees om vraag 3.9.1 & 2 te beantwoord nie. Kandidate uit die landelike gebiede is nie almal bekend met aanlyninkopies nie.

VRAAG 3- Levels 1-7



**B Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

3.2 Kandidate ken nie basiese taalstrukture, waarvan intensiewe vorme en spelling deel vorm nie.

3.3 Die opsies by hierdie vraag is te na aan mekaar (A + B). Daar moet 'n duidelike verskil wees.

3.4 Dit is belangrik dat die leerkragte die kandidate moet leer om meer spesifieke inligting te

gee om die stelling as slegs 'n mening te bewys. Kandidate sukkel steeds met die onderskeid tussen 'n feit en 'n mening/opinie.

3.5 Leerkragte moet kandidate leer om advertensietegnieke nie net te identifiseer nie, maar ook toe te pas. Die vraagstelling het dit moeilik gemaak vir die kandidate om te verstaan wat van hulle verwag is. Die woorde "advertensietegniek" en "trefkrag" is moeilik vir EAT-kandidate om te verstaan.

3.6 Die kandidate moes die vraag mooi lees om te weet dat hy na die vingerafdruk sowel as die produk moes verwys. Albei kante moet genoem word - vingerafdruk **en** die naam van die T-hemp is beide "uniek". Dit het die beantwoording van die vraag bemoeilik.

3.7 Kandidate sukkel om die skakel tussen die produk en die vorm van die advertensie in Afrikaans uit te druk.

3.9 Kandidate verstaan nie die konsep "uitgesluit" nie en sukkel daarom om die vraag te beantwoord.

Kandidate raai dan dat die vraag die teikenmark van die advertensie vereis.


Die kandidate het die vraag verkeerd geïnterpreteer as gevolg van hulle swak Afrikaanse woordeskaf. Die leerders het geskryf wie ingesluit moes word.

#### VRAAG 4

#### STROKIESPRENT

**A General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Kandidate het oor die algemeen gesukkel om die strokiesprent te interpreteer.



**B Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

---

4.1 Die vraag kan verwarrend wees. Daar word in die instruksie gesê gebruik DAT en later word gesê begin met:

Boet sê vir Jan dat... Sommige kandidate het dan "dat" tweemaal geskryf.

---

4.2 Kandidate sukkel om spesifieke visuele tekens te noem. Kandidate sal eerder emosies noem as om na spesifieke gesigsuitdrukings of liggaamstaal te verwys.

---

4.3.2 Kandidate sukkel met die korrekte motivering, al het hulle by 4.3.1 die regte opsie gekies.

Die strokie se "boodskap" is swak oorgedra en daarom sleg geïnterpreteer.

Kandidate se interpretasie van sarkasme is gebrekkig.

Hulle kan nie die verband tussen die sarkasme en die vuil water sien nie.

---

4.4 Sommige kandidate skryf steeds al drie trappe van vergelyking en nie net die spesifieke een wat gevra is nie.

---

4.6 Kandidate het moontlik nie die vraag reg/ volledig gelees nie en het daarom gesukkel om die vraag korrek te beantwoord. Die opdrag was om te kyk na HOE die water uitgegooi word. Hulle sukkel weereens om die visuele elemente in woorde uit te druk.

4.7 Kandidate sukkel met ironie en versuim om beide kante te noem. Die strokie en die ironie daarin was moeilik om te verstaan en dus is hierdie vraag baie swak beantwoord.

---

**VRAAG 5**


**ARTIKEL EN PRENT**

A General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Teks F is 'n gepaste artikel en kandidate kon met die inhoud identifiseer.

Vrae oor die infinitief, verlede tyd, ontkenning en woordorde is oor die algemeen goed beantwoord wat daarop dui dat taalonderrig wel aandag in die klaskamer geniet.

### VRAAG 5- Levels 1-7



**B Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

5.1.1 Baie kandidate skryf "koorlidde" omdat meervoude volgens die dubbelklinker-spelreël onderrigword.

5.1.2 Baie kandidate skryf "viertien" as gevolg van 'n gebrek aan woordeskat en spelvermoë.

5.1.3 Hierdie vraag is goed beantwoord. Spelfoute kom soms voor.

5.1.4 Hierdie was 'n sinvolle vraag vir skander kandidate. Dit is egter swak beantwoord deur die ander kandidate. Baie kandidate het nie met "alhoewel" begin nie en nie die komma bygevoeg nie. Woordorde was ook 'n probleem.

5.1.5 Baie kandidate het die punt weggelaat. Sommige kandidate het nie met 'n hoofletter begin nie.

5.1.6 Die vraag is nie goed beantwoord nie. Die verbindingsklank is uitgelaat.

5.1.7 Die vraag is goed beantwoord. Soms het spelfoute voorgekom.

5.1.8 Die vraag is baie goed beantwoord.

5.1.9 Kandidate se kennis van voorsetsels is gebrekkig.

5.1.10 Die vraag is swak beantwoord. kandidate kon nie die persoonsnaam korrek spel of selfs identifiseer nie.

5.1.11 Die vraag is baie goed beantwoord.

---

5.1.12 Die vraag is oor die algemeen goed beantwoord.

---

5.1.13 Die vraag is redelik goed beantwoord.

---

5.2.1 Die vraag is gemiddeld beantwoord. Sommige kandidate het gesukkel met die infinitief. Van die kandidate skryf "om te" as een woord.

---

5.2.2 Die vraag is goed beantwoord.

---

5.2.3 Die vraag is goed beantwoord, maar die spelling was meestal verkeerd. Fonetiese uitspraak is aanvaar.

---

5.2.4 Die vraag is goed beantwoord. Soms laat kandidate die laaste 'nie' uit.

---

5.2.5 Die vraag is goed beantwoord.

---

5.2.6 Die vraag is goed beantwoord, maar meestal nie met die korrekte spelling nie. Daar kon verwarring by hierdie vraag wees, omdat die vraag 'n versamelnaam vra. Kandidate kon dink dat dit een woord moet wees, maar in hierdie geval is dit twee woorde: sosiale media.

### **C Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

- Die deurgaanse uitwerk van ou vraestelle word ten sterkste aanbeveel.
- Oefen die instruksiewoorde van 'n tipiese begripsoefening.
- Kandidate moet geleer word om die kern van die vraag te identifiseer en dat dit die fokuspunt van die antwoord moet wees. Dit sal onnodige uitgebreide antwoorde voorkom.
- Kandidate moet soek na die bewys van feit of mening/opinie; nie net die vraag beantwoord nie, gaan soek na die sleutelwoorde: *navorsing, getalle, bewyse, statistieke*.
- Kandidate moet daarop gewys word dat hulle met die beantwoording van die begripstoets nie lukraak direk moet aanhaal, net omdat daar 'n woord voorkom wat ook in die vraag is nie.
- Kandidate moet geleer word hoe om stapelvrae/dominovrae te beantwoord.
- Kandidate moet praktiese voorbeelde in die klas doen sodat hulle in staat is om afleidings binne teksverband te maak.
- Kandidate moet geleer word om 'n reël oop te laat tussen antwoorde.
- Kandidate moet geleer word dat wanneer hulle 'n fout maak, hulle nie pyltjies moet trek om te wys dat bv. vraag 2 se antwoord by vraag 3 moet kom en visa versa nie. Hulle

moet eerder die totale vraagnommer en antwoord netjies doodtrek en oorskryf.

- Kandidate moet ook bewus gemaak word van die feit dat die korrekte numering met die van die vraestel moet ooreenstem.
- Kandidate moet in die klas Afrikaans praat, hoe krom en skeef ookal. Sodra die taal gepraat word, word geleer om in Afrikaans te dink.
- Die begrippe "*letterlik*" en "*figuurlik*" moet weer by kandidate ingeskerp word en met voorbeelde ondersteun word, sodat hulle ook hul antwoorde met 'n gepaste verduideliking kan motiveer.
- Kennis moet opgeskerp word rondom die volgende konsepte: satire, ironie, sarkasme, denotasie en konnotasie.
- Leerkragte kan hulle bronne van luister, lees en kyk vernuwe om sodoende die kandidate se horisonne te verbreed en hulle bloot te stel aan meer moderne idees.
- Kandidate moet aangemoedig word om meer te lees.

**D Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Min voorsiening is gemaak vir kandidate met leerhindernisse, veral met betrekking tot spelling. Kandidate met spelkonsessies word nie in ag geneem by die spelling van woorde in Vraestel een waar spel 'n voorvereiste is nie.
- Kandidate is geneig om direk uit Engels na Afrikaans te vertaal, wat sinsbetekenis kan beïnvloed.
- Leerkragte moet daarop let dat dialektiese variasies wel aanvaar word.
- Kandidate moenie twee letters oor mekaar skryf nie, indien hy of sy 'n fout begaan het, moet die woord verkieslik met 'n enkelstreep en met pen doodgetrek word en langsaan of bo-aan in pen oorgeskrif word.
- Leerkragte moet seker wees oor die bepunting by die nasien van die opsomming en kandidate moet ook daarin onderrig word.
- Leerkragte moet dit by kandidate inskerp dat hulle nie:
  - Flaterwater of glimpenne mag gebruik nie
  - Slegs een kleur pen moet gebruik word
  - Nie antwoorde in potlood mag skryf nie
  - Nie hulle handskrif tydens die beantwoording van die vraestel moet verander nie.
- Kandidate moet daarop let dat 'n netjiese handskrif belangrik is. Indien die nasiener nie kan uitmaak wat die kandidate geskryf het nie, veral by eenwoordantwoorde, kan 'n punt nie toegeken word nie.

Die onderrig van Afrikaans moet tred hou met die modernisering van die wêreld om sodoende vernuwing in die aanbieding van die vak te implementeer. Dit sal die hedendaagse kandidaat motiveer om aktief deel te neem met die doel om 'n liefde vir die

taal te ontwikkel.